Hein Viljoen
Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap

DIE LITERÊRE SISTEEM VAN DERTIG

In die literatuurgeskiedenis is daar onteenseglik 'n behoefte aan sistematiek. 'n Vinnige oorsig oor byvoorbeeld die geskiedenis van die Afrikaanse poësie kan die leser erg verward laat. Daar is verskeie redes daarvoor. Eerstens word verskillende kategorieë gebruik om die verskillende generasies mee te beskryf — as dit al hoegenaamd duidelik is waar die grense tussen generasies nou eintlik lê. Die leser word as belangrike kategorie beskou by die poësie voor 1900, bewuste kunstenaarskap by Dertig, stad en oorlog (tematiese dinge) by Veertig. Standaardbegrippe is nodig waarmee verskillende generasies vergelyk kan word.

Tweedens kan sogenaamde literêre feite nie los van mekaar gesien word nie. As die poësie voor 1900 byvoorbeeld op 'n ongekunstelde gehoor gerig was en die poësie van Dertig op 'n meer gesofistikeerde gehoor, watter verskille het dit meegebring? Of het niks verander nie? As die eerste generasie liewer was vir vergelykings en Veertig liewer was vir metafore, kan 'n mens iets daaruit aflei oor die geheel van alle literêre dinge, 'n geheelbeeld probeer vorm? Een manier om dit te doen, is om die literêre feite te orden tot 'n sisteem of as sisteem te benader.

Vooraf moet 'n mens weet wat die eienskappe van sisteme is en hoe 'n model van 'n literêre sisteem sou lyk.

1. EIENSKAPPE VAN SISTEME

Die begrip *sisteem* kan verduidelik word met die volgende eenvoudige model van 'n kommunikasiesisteem:



Figuur 1: 'n Eenvoudige model van 'n kommunikasiesisteem

Die sisteemteorie gaan uit van die slagsin dat die "geheel meer is as die som van die onderdele". By 'n sisteem is die onderdele nie net opgetel nie, maar gerangskik. Angyal (1941:26) voer aan:

> In aggregates it is significant that the parts are added; in a system it is significant that the parts are arranged.

In die sisteemteorie gaan dit eintlik oor verhoudings, struktuur, interafhanklikheid en nie soseer oor die konstante eienskappe van dinge nie (Katz en Kahn 1966:90). By sisteme is daar dus sprake van "relasie tot die geheel" — wat by aggregate nie die geval is nie. 'n Sisteem kan daarom omskryf word as:

> a set of interrelated entities, of which no subset is unrelated to any other subset (Kramer & De Smit 1977:14).

Uiteraard is sisteme nie onties nie, maar konsepsueel: teoretiese konstruksies as hulpmiddels by die ondersoek (Kramer & De Smit 1977:13).

'n Paar voorbeelde sal dit duidelik maak. 'n Hoop sand kan beskou word as 'n aggregaat — die som van die aantal sandkorreltjies daarin. 'n Diamant is egter 'n voorbeeld van 'n sisteem: die verskillende molekules daarin is op 'n bepaalde manier gerangskik. 'n Skare mense is 'n aggregaat, maar 'n rugbyspan is 'n sisteem: die spelers is gerangskik in groepe (subsisteme), nl. voor- en agterspelers, elkeen speel in 'n bepaalde posisie, en almal is lede van die geheel. 'n Toeskouer buite die veld is bv. nie deel van die geheel van die span nie, maar moontlik weer deel van 'n groter sisteem: die sisteem van die rugbyklub en sy ondersteuners.

'n Sisteem het verder *struktuur*. Dit word omskryf as die geheel van die versameling relasies binne die sisteem (Kramer & De Smit 1977:20). Struktuur word gekenmerk deur 'n *afmetingswaarde* en 'n *posisionele waarde*. 'n Gesin is byvoorbeeld 'n sisteem; die afmetingswaarde is nou hoe sterk die verhouding tussen die gesinslede is. Pa het bv. vir Yvonne liewer as vir Sarel. Die graad (afmetingswaarde) verskil. Gesinne kan eenders van struktuur wees, maar die diepte van die verhoudings kan verskil. In hierdie voorbeeld het die posisionele waarde te doen met die relatiewe dominansie binne die gesin. In gesin A is die pa die dominante figuur; in gesin B die ma of die ouma, ens.

'n Tweede voorbeeld: Stede kan beskou word as entiteite in die sisteem van Suid-Afrika. Die paaie tussen die stede is dan die versameling relasies, bv. Kaapstad — Bloemfontein, Bloemfontein — Johannesburg, ens. Die afmetingswaarde word aangedui deur die afstand tussen die stede, sê 'n

afstand van 5 tussen Kaapstad en Bloemfontein en 4 tussen Johannesburg en Bloemfontein. Die posisionele waarde is die relatiewe posisie van die verskillende stede: Johannesburg lê byvoorbeeld links van die reguit lyn van Kaapstad na Bloemfontein, d.w.s. noordnoordoos van Bloemfontein, terwyl Bloemfontein weer noordoos van Kaapstad lê.

In literêre sisteme gaan dit dikwels oor watter van die verskillende entiteite in die sisteem oorheers of dominant is. Die Rus Jurij Tynjanov (1927) het die literêre werk byvoorbeeld beskou as 'n hiërargiese (gestruktureerde) sisteem van vorme en norme. Binne die sisteem is daar vir hom een of twee dominante elemente wat die sisteem bepaal. Verandering vind plaas deurdat die dominante element(e) afslyt en deur elemente laer af in die hiërargie vervang word. Dit is dus die relasies tussen die elemente onderling wat by Tynjanov die sisteem bepaal.

Sisteme het ook *grense*. In die praktyk kan enige groep entiteite in relasie met mekaar as 'n sisteem beskou word. Die trek van grense vir sisteme is m.a.w. arbitrêr. Dit word meestal bepaal deur die doel van die ondersoeke. As 'n staalfabriek byvoorbeeld as 'n sisteem beskou word, sou dit onsinnig wees om die fisiese grense van die fabriek as die sisteemgrense te beskou omdat die geld in die bank dan van die sisteem uitgesluit sou wees. As mens egter wil bepaal waar en hoe van die staalfabriek se produkte wegraak, is dit natuurlik 'n ander storie.

Grense word deesdae wyer getrek in literêre sisteme. Tot onlangs is die teks as enigste ondersoekgebied van die literatuurwetenskap beskou. Deesdae kan dit ook die kommunikasiesituasie (Fokkema 1981) die literêre konteks en sosio-kulturele konteks (Segers 1980) insluit. Waar die grens van 'n literêre sisteem getrek word, is 'n funksie van 'n literatuuropvatting (Oversteegen se "demarkatietheorieën" 1982:44), wat ook 'n ideologiese kant het. Formeel gesien, kan sisteemgrense getrek word waar relasies minder gekonsentreerd is as op ander plekke (Kramer & De Smit 1977:31).

Die *omgewing* van 'n sisteem is alles buite die grense daarvan. Daar is natuurlik miljoene dinge buite die sisteem. Daarom word daar onderskei tussen die *totale omgewing* (alles buite die sisteem), en die *relevante omgewing* (dié deel van die omgewing wat met die sisteem in interaksie is). Die spysverteringsisteem neem bv. nie alle stowwe uit sy omgewing op nie; net sekeres. Hy gebruik net 'n paar vereenvoudigde kategorieë. Daar is dus sprake van informasie-invoer en -kodering by sisteme.

2. 'N EENVOUDIGE MODEL VAN 'N LITERÊRE SISTEEM

'n Mens kan 'n heel eenvoudige model van 'n literêre sisteem opstel deur die eenvoudige kommunikasiemodel van figuur 1 (wat gebaseer is op die bekende model van Jakobson 1960) effens te verfyn. Ek werk die model hier nie baie fyn uit nie, omdat dit vir my hier meer oor die toepassing gaan. Basies kom dit daarop neer dat die kode breër uitgewerk word, omdat dit tog die belangrikste deel van dié soort sisteem is.

Op die voetspoor van Mukařovský (1934:90) se onderskeid tussen *artefak* en *estetiese objek*, is die eerste verfyning wat mens kan aanbring om te onderskei tussen *senderskode* en *ontvangerskode* (skrywerskode en leserskode) (vgl. Fokkema 1979b:3), omdat ons die Dertigers vandag met 'n ander kode lees en omdat ek die literêre sisteem van Dertig uit die skrywersoogpunt gaan beskryf — soos Van Wyk Louw dit gesien het. Ek gebruik as belangrikste bron vir die literêre sisteem van Dertig naamlik Van Wyk Louw se opstel "Die rigting van die Afrikaanse letterkunde" (1936) (waar nodig, aangevul uit *Digters van Dertig* van D.J. Opperman).

Diagrammaties voorgestel, sien 'n model van die literêre sisteem soos volg daar uit:



Figuur 2: 'n Model van 'n literêre sisteem

Figuur 2 het 'n bietjie verduideliking nodig. Die kode bestaan m.i. uit drie komponente, 'n sintaktiese, semantiese en 'n pragmatiese komponent. Hulle beskryf onderskeidelik die relasies tussen entiteite binne die estetiese objek, relasies tussen estetiese objek en die werklikheid en die relasies tussen estetiese objek en leser. In die figuur word die belangrikste kategorieë wat in elkeen van hierdie komponente tuishoort, kortliks aangedui. Die stippellyne stel voor dat die leserskode dieselfde struktuur as die skrywerskode het, maar effens daarvan verskil. Dit is in hoofsaak met hierdie model dat ek die literêre sisteem van Dertig kortliks wil beskryf, hoofsaaklik, soos ek sal gesê het, op grond van Louw (1936).

3. "TERUG NA DIE DIEP BRONNE VAN DIE VOLK TOE"

Die kerngedagte van Louw se opstel lê in die vierde paragraaf: "Ons letterkunde moet gaan, en gaan vandag *terug na die diep bronne van die volk toe*" (p. 9, my kursief). Dit kan mens beter verstaan as jy iets weet van die tydperk waarin die opstel geskryf is. 1936 was diep binne-in die tyd van Nasionaal-Sosialisme in Duitsland, die tyd van bloed en bodem, die Ossewabrandwag, die tyd, kortom, van 'n sterk irrasionalisme internasionaal. Die volk werk egter nie direk op die letterkunde in nie. Uit Louw se ander werk is dit duidelik dat dit die begenadigde enkelling is wat die volkswil en -smart vertolk — die kunstenaar, by name. Dit is 'n faset van die sg. "profeetskap" van die digter. Op grond daarvan kan mens seker sê dat die skrywer vir Louw die literêre sisteem domineer.

4. DIE KONTEKS

Die letterkunde, meen Louw, moet teruggaan na die volk toe, omdat volk en skrywer van mekaar wegbeweeg het as gevolg van maatskaplike en lewensbeskoulike veranderings. Hy noem drie aspekte daarvan, en hulle maak myns insiens die *konteks* van die literêre sisteem van Dertig uit (p. 11):

1. Die stroom na die stad toe,
2. die verdwyn van die ou, lekker lewe selfs op die platteland en die plaas, en
3. die skerper bewussyn van 'n klasseverdeling onder ons volk.

Al hierdie dinge kan mens saamvat as gevolge van die Tweede Vryheidsoorlog en die toenemende industrialisasie waardeur die Afrikaner nie meer grondbesitter is nie, maar arbeider word. Rykes kom teenoor armes te staan. Die verwydering tussen letterkunde en volk illustreer Louw grafies met die voorbeeld van *Ampie:* in dieselfde jaar (1922) toe in *Ampie* die armblanke rustig en simpatiek uit die oogpunt van die Afrikaanse plattelandse hoëlui

geskilder word, "kyk daardie arme vir Suid-Afrika aan deur die kerf van 'n mauser-visier — in die Johannesburgse opstand" (p. 11).

5. AANDAG AAN DIE PRAGMATIEK

Die gevolge van bogenoemde verskuiwing is, volgens Louw, dat die lewe "ernstiger, naakter, feller geword het" (p. 11). Hy praat ook van *eerlikheid* en *'n nuwe heroïek* van "die enkeling wat alleen tussen die sterre staan" (p. 12). Dit is afmetingswaardes hierdie vir die wyse waarop die skrywer die dinge wat in die volk leef, vertolk. Anders gestel: dit gee die graad van indruk weer wat die werk op die leser moet maak. Daarom kan mens dit *pragmatiese afmetingswaardes* noem. Louw self praat van "die gees van ons nuwe letterkunde" (p. 12).

6. 'N NUWE SEMANTIESE STRUKTUUR

In die volgende gedeelte van die opstel gee Louw 'n aantal semantiese aspekte van die nuwe letterkunde. Dit kom neer op 'n nuwe semantiese struktuur vir die letterkunde. Dit kom, breed gesien, neer op 'n verskuiwing van 'n koloniale letterkunde na 'n nasionale, van die lokale en die tipiese na die universele en individuele. Hy onderskei ses fasette van hierdie verskuiwing. Hulle is die volgende:

6.1 "Die strengste persoonlike uiting van die universele belewing" (p. 13). Daarmee skep hy ruimte vir persoonlike gevoelens en daarmee bedoel hy waarskynlik ook die beroemde belydeniskarakter van die Dertigerpoësie. Hierdie faset staan teenoor die lokale en tipiese van koloniale literatuur.

6.2 "Die eerlike, strenge, *deur*dink van die moderne lewe, soos uit ons nasionale standpunt gesien, met behulp van die groot wysbegeerte van alle tye" (p. 14). In die ouer letterkunde was dit by implikasie afwesig.

6.3 Teenoor die "kleinburgerlike sakie van vry en trou" stel Louw "die skoonheid en felheid van die lewe", "die saaklikheid en eerlikheid van die moderne seksbelewing" — mooi, eerlik (p. 14).

6.4 Die werkslewe van die volk word nie meer idillies nie maar "nuut en sterk gesien". Dit sluit die hele spektrum in, nie net "die swaar stryd teen die natuurkragte" nie, maar ook mynwerk, boswerk.

6.5 Die Bantoe en Kleurling moet raakgesien word, nie as tipes nie maar as mense "met die ganse las van die noodlot van ons nasie" (p. 15).

6.6 Teenoor stigting en lering stel Louw "die groot godsdienstige poësie, die uiting van die mens se onmiddellike verhouding teenoor die heelal" (p. 15).

"Die Afrikaner", meen Louw, "is bloot moderne mens in 'n Afrikaanse omgewing" (p. 13). Hy vat die ses fasette van die nuwe semantiek saam onder die begrip "volledige menslikheid" of "byna tydlose menslikheid". Dit kom neer op die mens gestroop van toevallighede van tyd en plek. Teenoor hierdie nuwe inhoud van die letterkunde staan die verskillende trekke van die *gemoedelike lokale realisme* (p. 10) — in die Afrikaanse literatuur 'n besonder belangrike begrip.

7. "ONMIDDELLIKHEID"

Wat oorbly, is die sintaktiese komponent of, soos Louw dit noem, die *vorm*. Hier eis hy *onmiddellikheid* (p. 15). Dit behels die volgende:

7.1 Alle toevalligheid van omgewing en stand moet afgelê word sodat alleen die essensiële gesê kan word. Dit impliseer 'n universele tydlose ruimte, universele tydlose karakters en 'n individuele (persoonlike) perspektief.

7.2 Die skrywer moet teenoor sy onderwerp staan "asof hulle alleen in die wêreld was". Sy woorde moet "eerlik wees soos sterlbedwoorde" (p. 15). Dit kom neer op wat gewoonlik genoem word "woord- en vormsuiwerheid".

7.3 Die vorm is belangriker as die inhoud want daarsonder kom geen kuns tot stand nie. Die sintaktiese komponent domineer met ander woorde die semantiese.

7.4 Van al die elemente in die werk lê Louw die meeste klem op die woord. Van die sintaktiese dinge domineer dit blykbaar. Louw praat van "mooi woorde (wat) naakt en deursigtig alles in ons volkslewe kan sê" (p. 16). Hy wil ook nie net tipiese Afrikaanse woorde soos *kopje* of *voetsak* hê nie, maar eis "die rykste verskeidenheid woorde en beelde van die plaas af, uit die fabriek, uit die hele nuwe lewe" (p. 15).

7.5 Sy Ampie-voorbeeld dui, naas klasverskille, ook 'n perspektiefverskil aan. Die lewe word nie meer net uit die oogpunt van die hoëlui bekyk nie, maar ook uit die oogpunt van die boer of die arbeider — veral lg. is die ideaal — al sluit die afstroping van die lokale en die tipiese ook *stand* in.

7.6 Ten slotte is daar by Louw (hoewel dit hier miskien nie so duidelik blyk

nie) sekere genrevoorstellings. Aanvanklik is die voorkeur vir ongekunstelde volksliedjies (so op die patroon van "Hier sit ek onder die hoogte" — dis deel van die "diep bronne van die volk"!). Daarby sluit die eenvoud van "Grense" byvoorbeeld aan. Die sonnette, sonnetsiklusse en moderne ballades wat die Dertigers later skryf, spruit voort uit die strewe om die "volledige menslikheid" — ook die duister aspekte daarvan — uit te druk.

8. "GRENSE" EN DIE SISTEEM

Hoe lees 'n mens nou 'n bekende Dertigergedig soos "Grense" byvoorbeeld in die lig van die sisteem? Die tipiese van "Grense" val miskien die beste in die oog as mens dit vergelyk met "Dopper Joris en syn seiltjie" van Pulvermacher. (Albei gedigte is bekend en maklik bekombaar; ek herhaal hulle dus nie hier nie.) Ek gee kortliks aandag aan persoon, woord, klank, die persoonlike en sinsbou.

8.1 Persoon

In "Dopper Joris" word die persone se name gegee — Joris, Spekie. Ons weet wat Joris doen — hy boer. Hy is moontlik 'n welaf boer. Hy behoort dus (waarskynlik) tot die boerearistokrasie. Sy "voornaam" *Dopper* omskryf 'n houding (hy's 'n baie konserwatiewe persoon). Hy is dus 'n tipe. In "Grense" het ons slegs te doen met 'n *ek* en 'n *jy*. Hulle is naamloos. Ons weet nie wat hulle stand is nie, selfs nie eers wat hulle geslag is nie. Is die *ek* 'n man? Ons aanvaar maar so omdat die digter 'n man is. In "Grense" is die lokale en die tipiese dus weggewerk en staan die ek en die jy teenoor mekaar bloot as mense. Die leser moet as't ware die tipiese en lokale bydink: identiteite aan die *ek* en die *jy* toeken — byvoorbeeld dat die *ek* 'n man is en die *jy* die gelielde, of die *ek* die digter en die *jy* dan die gedig of die skoonheid. So onstaan daar ryker betekenismoontlikhede in "Grense" as in "Dopper Joris".

8.2 Woord

"Dopper Joris" bestaan hoofsaaklik uit dingwoorde — woorde waarmee Joris sy besittings opnoem. Die gedig werk hoofsaaklik met die opstapeling van dinge wat dikwels niks met mekaar te doen het nie. "Grense" gee min woorde, net die noodsaaklikstes — eenvoudige, alledaagse woorde, maar dan ook net *mooi* woorde: blou, maan, duister. "Grense" sluit aan by die volkse in "Dopper Joris", die eenvoud daarvan, maar die lokale en tipiese is weggewerk. In "Grense" is die emosie veel hewiger as in "Dopper Joris": dit gaan oor dinge "waarvoor die mense huiwer". "Dopper Joris" sou mens gemoedelik kon noem. By dit alles is "Dopper Joris" veel konkreter as

"Grense" wat neig om "verylend" te wees, ten spyte van die teenstelling tussen lig en donker. Kortom, in "Dopper Joris" val die klem op die besittings; in "Grense" op die woord.

8.3 Klank

Hoewel rym in "Dopper Joris" effektief gebruik word — deurdat *vry* byvoorbeeld op *skimmelhings ry* gerym word of *ledekant* op *plage van Egipteland*, het "Grense" 'n veel hegter en selfs subtieler klankorganisasie. Die twee belangrikste klanke is /A/ en /O/ — die klanke van *gaan, naak* en *maan, woorde* en *drome*. Veral die /O/ is deur die hele gedig teenwoordig. "Grense" het 'n gekunstelde rympatroon, "Dopper Joris", daarenteen, die volkse gebroke rym.

8.4 Die persoonlike

"Dopper Joris" gaan meer oor "uiterlike dinge" — Joris se besittings. Ons kan daaruit iets van karakter aflei, maar die klem val nie daarop nie. In "Grense" hoor mens feitlik net van psigiese/innerlike dinge: *wil gaan, eenvoud, sonder skrome, donker wense*. Die gedig begin met "my naakte siel". Dit is duidelik invidivuele emosies wat hier uitgespreek word, al is dit dan sg. op alle mense van toepassing.

Hiermee saam gaan 'n verandering in perspektief. In "Dopper Joris" betrag 'n verteller buite die gedig vir Joris effens van bo-af. Teen die einde is daar 'n perspektiefwisseling as Joris self aan die woord kom. In "Grense" is 'n spreker binne die gedig aan die woord — en hierdie oriëntasie word deurgaans gehandhaaf. Dit getuig hier duidelik van 'n verskuiwing van "uiterlik" na "innerlik".

8.5 Sinsbou

Ruweg kan mens sê dat "Dopper Joris" uit 'n reeks uitbreidings van dieselfde basiese sin bestaan: "Hy seg dat syn oorlede Paatjie hem duisend hamels en 'n ram gegee het en A en B en C", ens. Die begin- en slotstrofes wyk hiervan af, want daarin word ander inligting verstrek wat buite die lys besittings staan. "Grense" bestaan net uit een sin met twee hoofwerkwoorde: "my naakte siel wil tot jou gaan en die heilige dinge sê". Hierdie sin het in elk van die twee strofes twee uitbreidings in onderskikkende verband:

> soos uit diepe slaap ons drome
> soos teen skemerlug die bome

waarvoor die mense/huiwer
en wat om die grense flikker ...

Die sin is hier strakker georganiseer en toon met die twee pare uitbreidings 'n mooi simmetrie in die twee strofes.

9. WINS

Uit die lees van dié twee gedigte, blyk, dink ek, duidelik genoeg, dat die sisteembenadering wel wins meebring; groter sistematiek as die tradisionele benadering en meer perspektief op literêre feite: die persone of perspektief in "Grense", byvoorbeeld.

BIBLIOGRAFIE

ANGYAL, A. 1974. A logic of systems (*In* Emery *red.* 1972:19-29).

BRONZWAER, W.J.M., D.W. FOKKEMA en E. IBSCH. 1977. Teksboek algemene literatuurwetenschap. Baarn: Ambo.

EMERY, F.E. *red.* 1972[4]. Systems thinking; selected readings. Harmondsworth: Penguin.

FOKKEMA, D.W. 1979. Het Modernisme: Overwegingen bij de beschrijving van een periodecode. *Forum der Letteren* 20(1): 1-10. Maart.

FOKKEMA, D.W. 1981. Vergelijkende literatuurwetenschap en het nieuwe paradigma. *Forum der Letteren* 22(1):179-194. Junie.

JAKOBSON, R. 1960. Linguistiek en poëtica (*In* Bronzwaer, Fokkema en Ibsch 1977:96-105).

KATZ, D. en R.L. KAHN. 1966. Common characteristics of open systems (*In* Emery *red.* 1972:86-104).

KRAMER, N.J.T.A en J. DE SMIT. 1977. Systems thinking; concepts and notions. Leiden: Nijhoff.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1936. Die rigting van die Afrikaanse letterkunde *(In sy* 1971[3] Berigte te velde . Kaapstad: Tafelberg).

OVERSTEEGEN, J.J. 1982. Beperkingen. Utrecht: S en S.

MUKAROVSKÝ, J. 1934. De kunst als emiotisch feit (*In* Bronzwaer, Fokkema en Ibsch 1977:89-95).

OPPERMAN, D.J. s.j. Digters van Dertig. Kaapstad: Nasou.

SEGERS, R.T. 1980. Het lezen van literatuur. Ambo: Baarn.

TYNJANOV, J. 1927. Über die literarische Evolution (*In* Striedter, J. *red.* 1969. Texte der russischen Formalisten. München: Fink, Bd. I: 433-461).